


# KOERSVAS

Jaargang 7      Uitgawe 162   7 Junie 2019



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Onredelike liberalisme

Die GHG se ontstaan en voortbestaan het waarskynlik een van sy wortels in die ongedurige arrogansie van liberaliste en hulle hantering van geskilpunte. Dit is opvallend dat hulle aan die een kant relativisme propageer, en dit aan die ander kant doen by wyse van absolute uitsprake.

Daar is niks verkeerd met 'n onwrikbare geloof in God en 'n onstuitbare toewyding vir 'n saak nie. Die probleem kom wanneer mense se onwrikbare geloof en onstuitbare momentum op ander sake gefokus is, of 'n ander doel nastreef.

Die stryd rondom beskrywingspunt 54 het dit goed illustreer. Enige versoek tot 'n moratorium is beslis van die hand gewys. Die geskiedenis van vernedering, magsvertoon en manipulasie moet nog geskryf word. Een saak staan soos 'n paal bo water: Daar is niks so geduldig en nederig soos 'n liberalis in die minderheid nie. Daar is niks so vasberade en onverbiddelik soos 'n liberalis in die meerderheid nie. Die stelling: "Wees redelik, sien sake soos ek dit sien" is tekenend van die arrogansie van diesulke mense.

Dit sal goed wees om eendag die saak as afgehandel te kan beskou. Die voortgesette

hofsake oor onregmatige eise op ons eiendom maak dat ons steeds 'n onafgehandelde geskiedenis-pad loop met die NHKA. Totdat die NHKA die persoonlike Staat van Belydenis aanvaar en tot bekering kom, of totdat die hofsake afgehandel is, neem ons kennis van wat by mekaar gebeur. Ons is van ons kant af net meer eerlik en openlik oor die gebeure. Die gerugte wat versprei word, die laster wat gefluister word, die leuens wat oor GHG- ampsdraers en lidmate versprei word, die etikette wat aan ons toegedig word, spreek boekdele oor die onuitgesproke erkenning dat ons nog aan mekaar verbind is.

Die knaende ophaal van sake totdat die liberaliste hulle sin gekry het, kom na vore in 'n onlangs skrywe oor die AKV wat later hierdie jaar plaasvind. Die gesprek oor homoseksualisme was herhaaldelik opgehaal, totdat hulle besluit deurgevoer was. Toe skielik moet "gemeentes plaaslik oor die saak besin" en word dit genoem onder "*uitdagings dat groeiende diversiteit in die Kerk tot ernstige debatvoering tydens die AKV onder verskillende beskrywingspunte aanleiding sal gee*". So dan ook die gesprek oor kindernagmaal; "*terwyl die AKV gevra sal word om weer te besin oor kinders se deelname aan die Nagmaal*" (*Blitspos Jaargang 12 – Uitgawe 15*).

Dit is waar dat hervormers altyd weer moet hervorm na God se woord. Nuwe insigte wat grondig getoets is moet, telkens verdiskonteer word. Die gevaarligte flikker wanneer veranderings doelmatig die politiek van die dag napraat, wanneer die humanisme of die ideologie van die dag bepalend word. Wat egter gebeur is dat 'n saak weer en weer aangespreek word in die sagmaak proses. Geen antwoord anders as die verlangde een sal ooit aanvaar word nie. So was dit in vele ander instansies. Daar is deur die jare goeie teologiese antwoorde gegee op temas deur liberaliste aangeroe. Steeds is saagsels gesaag tot op atomiese vlak. Geen nuwe insigte het egter na vore gekom nie.

Die humanisme van die dag dring byvoorbeeld aan daarop dat kinders dieselfde regte as volwassenes moet hê. Vandaar die "weer" gesprek oor kindernagmaal.

Dieselfde gedienstigheid aan die ideologie van die dag kom na vore in die sin: *"En die AKV sal, les bes, indringend moet besin oor die versorging van predikante (voltyds en deelyds), die verteenwoordiging van vroue in die Kerk, en billike arbeidspraktyke."* Dit is duidelik dat die kulturele en sosiale Marxisme van die ANC hier aan die woord is. Dit is die interseksionele ideologie wat fokus op gelykheid van uitkomst (getalle gelykheid ten opsigte van man en vrou, velkleur en dies meer) in stede van gelykheid van geleentheid. Dit maak in hierdie ideologie nie saak wat gedien word nie, solank elke organisasie of span die bevolking weerspieël. Dit is waar van BEE, sport kwotas en dies meer. Die NHKA se hantering van die vrou word vanuit hierdie perspektief gedoen, en nie vanuit insigte uit die Skrif verleen nie.

Lidmate is uitgelewer aan hierdie liberalisme. Die AKV se besluite moet immers nougeset nagevolg word. Die gemeentes moet immers hulle heffings betaal, heffings wat al hierdie sisteme in plek hou. Ons moet waak teen die onverbiddelike suigkolk van liberale vrysinnigheid.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BONDSVERGADERING EN BONDSDAMESBYEENKOMS 2019

Die Bondsvergadering vind hierdie jaar 8-10 September te Premiemyn (in Cullinan) plaas. Die nodige korrespondensie is reeds aan gemeentes uitgestuur. U word vriendelik versoek om die geloofsbriewe en mandate in te vul en aan te stuur. Inligting rakende akkommodasie is aan gemeentes gestuur.

DATUM 8 tot 10 September 2019. (Dames 8-9 September)

PLEK Gemeente Premiemyn

REGISTRASIE Sondag 8 September 2019 vanaf 16:00.

#### AFGEVAARDIGDES

Die afvaardiging bestaan uit 'n maksimum van:

2 Ouderlinge; 1 Diaken en die Predikant/e.

Indien gemeentes nie finansieel daartoe in staat is om 'n volledige afvaardiging te stuur nie, versoek ons u om asseblief toe te sien dat u gemeente minstens verteenwoordig word. **Die aantal waarnemers word nie beperk nie.**

#### KOSTES

Die **kostes sal R250** per afgevaardigde beloop. (Bonds dames se kostes word eersdaags aangestuur)

**Alle Geloofsbriewe, verslae en beskrywings-punte moet aan ds Frans Marais gestuur word voor of op 7 Junie 2019. ([skriba@geloofsbond.org.za](mailto:skriba@geloofsbond.org.za))**

### LEWENSbroOD 2020

Predikante word daaraan herinner dat die Lewensbrood 2020 se dagstukkies reeds volgende week Vrydag ingestuur moet word.

### BYBELVASVRA 2019

Geagte Leser

In opvolg op my eerste skrywe, wil ek hiermee aan die gemeentes kommunikeer dat die Bybelvasvra se Finale Rondte se datum sal verskuif, vanweë die feit dat die meeste skole in Junie 2019 besig is met halfjaar eksamens. Ons verskuif dus die datum van die aanvanklike datum van 2 Junie 2019 na die **NUWE DATUM VAN 21 JULIE 2019**. Op die Bondsvergadering van 2018, is daar besluit dat daar slegs 'n gemeente en finale rondte gehou sal word in 2019. **Ds Dirk van Rooyen**

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### KREMETARTFEES 2019

Onthou die Kremetartfees 14-15 Junie 2019 te Musina.

### OORNAG FASILITEITE

#### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**  
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
  - Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorie boeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

VLEISRAS  
LANDRAS

## ½ OF HEEL VARK TE KOOP

**PRYS:** R40 p/kg

**DATUM VAN AFLEWERING:** Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is  
**AFLEWERINGSPUNT:** Pretoria soos ooreengekom  
**BETALING:** EFT

### BEPERKTE VOORRAAD

9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe  
tussen 25- en 35kg  
7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg

Varke word opgesaag  
soos versoek!



**PLAAS BESTELLING BY**  
**RONÉL SELNO. 0827873680**

**ONDERSTEUN JOU  
SAK EN DIE BOER  
&  
BESTEL DIREK VAN  
DIE BOER**

# Hervormde Gemeente Vrede

## Voël jag ter waarde van R9 000 - 3 jagters

*Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.*

Die beoordelaars se beslissing is finaal.  
Trekking vind plaas op 15 Junie 2019

### JAGPAKKET:

19-20 Julie 2019

*Akkommodasie by Waterfront  
Gastehuis te Emanzini, Vrede*

**1ste Prys:** Tarentale  
Fisante  
Patryse

**2de Prys:** 1 Blesbokkarkas

**3de Prys:** Slagvark



### BANKBESONDERHEDE:

Hervormde Gemeente Vrede  
Standard Bank

Tjek 042096030

Vrede 051 001

Verwysing: Naam, Van en seknr.

Stuur bewys van betaling na  
ernst.bosveld@gmail.com

Ernst Lombard: 082 645 1343

**R200** per kaartjie

Hoërskool Eric Louw Terrein

# kremetartfees <sup>2019</sup>




**14 & 15 JUNIE 2019**



**14 Junie @ 19:00 BRENDAN PEYER**

Spaar en kry jou  
Naweek Pakket-kaartjie vroegtydig by  
MESSINA APTEEK of by NOENA 084-452-0321  
Kaartjies volwassenes @ R160  
Laerskoolkinders @ R90  
Voorskool gratis



**15 Junie @ 19:00 BOK VAN BLERK**

**VETERAAN  
MOTOR  
UITS'AL-  
LING**



**STALLETJIE & TAFEL BESPREKINGS KOEKIE 076 649 1461**

# COUNTRY SPECTACULAR!

MANIE JACKSON ★ LANCE JAMES ★ BARBARA RAY ★ CLIVE BRUCE



★ TOMMY DELL ★  
AND THE

*Rodeo Girls*



16h00 - 20h00

Saturday 22 June 2019

Mayfair Village

PLOT 47, NOOITGEDACHT, KLERKSDORP

Bookings: **083 383 4312**

*Country  
at its Best!*

